# VERSLAG TOV PSALM 29 UITREIKING

# NAMIBIë NA SUID-AFRIKA

## 04 – 08 FEBRUARIE 2019

In 2018 het die Here ons stelselmatig gelei na 'n visie wat Gert gehad het.

In dié droom het hy 5 dorpe gesien: Velddrif, Vredenburg, St. Helenabaai, Saldanha en Langebaan. Hy het ook 'n ketting gesien wat 7 keer om Suid-Afrika gedraai is met 'n slot wat aan die kant van Tafelberg hang.

1 Kon 13 is die Woord waarmee die Here ons uit Namibië gestuur het met die opdrag: "gaan vernietig die altaar van Baäl; sluit die slot oop aan die kant van Tafelberg en kap die ketting, wat 7 keer om SA gedraai is, in stukke. Gaan vernietig ook die saad wat gesaai is in die Kasteel, waar die bose magte woon, met die konneksiepunt wat uit die parlement funksioneer". Dis die gesamentlike altaar van Baäl wat ons moes gaan afbreek.

Ter voorbereiding van die grond in Suid-Afrika is Ps 29 elke dag deur duisende mense in Suid-Afrika geproklameer. Die Here het 'n intersessor groep van meer as 400 mense bymekaar gebring wat as weermag moes funksioneer, en om by die pakgoed te bly. Ons was 7 mense wat uit Nambië gestuur is en 7 uit Suid-Afrika, maar die een vrou vanuit Namibië het siek word en kon nie saamgaan nie. Ons kon dus net met n span van 6 uit Namibië vertrek (dit sal later 'n groot getuienis word).

Die Here het aan ons openbaar dat Vredenburg as basis moet dien waarvandaan die oorlog elke dag beplan en gevoer moes word. Op Maandag, 4 Februarie 2019, het ons in Vredenburg bymekaar gekom om by die Here strategieë en wapens te ontvang. Die Here het openbaar dat die evangelie voor Malmesbury gestop was en dat die Wes-Kaap die evangelie geweier het. Die aanneem van die evangelie sou beteken dat hulle slawerny moes stop en die slawe vrylaat. Die weiering van die evangelie deur die inwoners van die Weskus het veroorsaak dat 'n geestelike muur rondom die Weskus gebou is. Ons moes eers daardie muur afbreek deur belydenis en vergifnis wat deur Weskus inwoners gedoen moes word.

Nadat die muur afgebreek is het ons Velddrif voor die Here gelê. Daar was 10 strongholds wat satan gebruik het om die dorp te bind. Die sterkste daarvan van 'n man wat vroeër jare sy tiener dogter oor die brug uitgestuur het Vredenburg toe met die woorde dat sy nie mag terugkeer sonder dat sy swanger is nie.

Die mag wat die dwelmhandelaars oor die gereg het en die magteloosheid van die dorpsraad is geopenbaar. Die mag moes teruggevat word en terug gegee word aan wie dit oorspronklik behoort het. Tydens die uitvoer van hierdie opdrag het satan herhaaldelik probeer om ons aandag van die opdrag af te haal. Die Here het gewys dat Hy kragtige warriors uit Velddrif gaan oprig. Met die afbreek van die stronghold op die brug, is ons deur die Gees beveel om

elkeen met ’n Bybel oor die brug te loop as warriors vir God in geloof, dat ons die moederskoot open waardeur baie mense van Velddrif sal volg. Ons moes ook die pad ná die brug, rigting Vredenburg, verseël met die bloed van Jesus vir die bose se werke en sodat al die saad wat ons gesaai het nie gesteel sal word nie, maar sal kans kry om te ontkiem en groei en vrug sal oplewer. Tot ons verbasing was die landdros die eerste persoon wat deur die bloed lyn gery het, wat daarop dui dat God van die hoogste gesag af onder toe sal werk en die strukture sal herstel.

Op die 5de het ons weer in Vredenburg bymekaar gekom om St. Helenabaai en Vredenburg voor die Here te lê. Daar is 10 strongholds in St. Helena openbaar deur die Here. In die oorlogsvergadering het die Here vir ons Jes 28:15-20 gegee wat spesifiek verwys na waar die Here die verbond met die dood gaan breek. Die volgende is ook aan ons openbaar - talle moorde wat daar gepleeg word, onnodige bloed wat daar vloei, groot gaping tussen baie ryk en baie arm, groot verdeeldheid wat heers en talle half-voltooide projekte. Tydens ons ingang in die dorp het daar ’n vlag aan die regterkant van die pad gewaai met die teken van die gees van die dood daarop. Ons het geweet dat dit die sterk man is wat die dorp beheer. Die verbond is gekanselleer en alle strongholds is gebreek. Ons het ook by alle strongholds Bybels gesaai. Die volgende dag het die koningin van die Ndebeles St. Helenabaai gaan besoek om daar te gaan bid. Sy het die oes afgehaal d.w.s. die Bybel opgetel wat ons by die Dias kruis gesaai het. Sy het nie geweet ons het die Woord daar gesaai nie.

In Vredenburg was daar 6 strongholds, maar wat wel uit gestaan het was die vloek op die oorspronklike naam van die dorp (Twisfontein) Ons moes na die fontein toe gaan en die vloeke oor die oorspronklike naam gaan breek en die grond terug eis as oasis vir die Here. Sekere proklamasies moes ook gemaak word by die watertenk op die berg. Die Here het ons aandag gevestig op die buitengewone hoeveelheid satellietskottels op die watertoring, skottels van alle groottes wat in alle rigtings wys. Die Here wil Vredenburg oprig as ’n kommunikasie model wat die evangelie uitdra oor die hele wêreld.

Op die 6de het ons bymekaar gekom en gebid vir Saldanha en Langebaan. Die Here het na Saldanha verwys as die bloedstad, wat fisies bevestig word deur die rooi stof van die ystererts, vol bedrog, geweld en rowery. Die Here het vir ons 14 skrifte gegee wat ons van die hoogste berg af in alle rigtings moes gaan proklameer, om sodoende die werke van die satan te vernietig.

Wat aan ons openbaar was voordat ons na Langebaan gegaan het, is dat die Vrymesselaars organisasie in hierdie dae, in baie plekke vergaderings beplan het in die Wes-Kaap. Een van daardie vergadering sou op Saterdag, 9 Februarie 2019, in Langebaan plaasvind. Ons moes verwarring en teenkanting in hierdie vergadering inspreek, in die naam van Jesus. Wat ook aan ons openbaar was deur die Here, was die ontsaglike sterk hoergees in Langebaan waarteen ons moes gaan veg en dit vernietig. Een van ons warriors het ook die openbaring gekry van 2 oë van verleiding waaruit ’n bose lig straal. Daar is aan ons meegedeel dat daar ’n meermin op die strand opgerig is en dat daar baie huwelike bevestig word. Ons het geweet dít is die sterk man in Langebaan. (Die meermin gees simboliseer die gees van verleiding)

Met ons aankoms kon ons almal die bose gees in die lug fisies aanvoel.  Ons het daardie altaar afgebreek en ook gebid vir die huwelike wat reeds daar plaas gevind het.

Dit was treffend hoeveel munisipale amptenare na ons proklamasies eerste op die toneel verskyn of Bybels opgetel het.

Ons het die 5 dorpe deurgewerk in die weskus en dit het opgebou tot by die hoogtepunt in Kaapstad (Tafelberg).  Alle poorte van elke dorp genoem is met Woord en bloed verseël.

Op Donderdag, 07 Februarie, het ons bymekaar gekom om strategieë by die Here te kry vir die geveg op Tafelberg (08/02/19).  Met al die vorige dorpe het die Here die monde van ál die warriors gebruik, maar in die oorlogsvergadering vir Tafelberg, het die Here dit duidelik uitgewys dat Hy net vir Gert gaan gebruik om die proklamasies te maak.  Ter voorbereiding van hierdie hele geveg, het die Here alreeds ál die oorlogswapens gegee.  Met opdrag van die Here het die Heilige Gees vir Gert gesê om nie meer net sy mond te salf nie, maar om ŉ slukkie van die salwings olie te vat sodat die vuur van God uit sy mond sal gaan.  Die oggend, (08/02/19), toe ons uitgestuur is, het Gert die Here gevra vir n dubbele porsie vuur op sy tong en hy het 2 slukke van die salwings olie gevat.  Die Here het aan hom openbaar dat die vuur wat uit sy mond sou gaan, die vlerke van die gevalle engele sou verbrand en hulle dus nooit weer aktief sou wees nie, want ŉ gevalle engel kan nie loop nie, hy moet vlieg.

Ons is uit die oorlogsvergadering gestuur met Joël 2:1-17.  Soos voorheen gemeld was ons oorspronklik 7 mense wat uit Namibië gestuur is vir die opdrag op die berg.  Een vrou het siek geword en moes agterbly.  Haar man het ten spyte van haar siekte volhard in die opdrag - sy siek vrou agtergelaat in Namibië en sy plek in die span gevul.  Ons het op daardie stadium nie geweet dat hy sy troudag herdenking, op die 9e, ook opgeoffer het om teenwoordig te wees nie.  Toe hy die oggend van die 8e wakker word, het hy ŉ boodskap op sy selfoon gekry dat sy vrou reeds op die vliegtuig is, oppad Kaapstad toe, en dat sy by ons sal aansluit  vir die opdrag by Tafelberg.  Ons getalle was volledig, soos die Here dit oorspronklik beplan het:  7 uit Namibië en 7 uit Suid-Afrika.



Nóg 'n groot getuienis is dat die koningin van die Ndebeles en een van die Zulu konings, tesame met hulle mense, by die voet van Tafelberg bymekaargekom het om vir ons span wat op die berg sou opgaan, te bid. Dit is verstommend hoe die Here self die nasies opgeroep het om deel te wees van hierdie projek, wat sonder dat ons geweet het, 'n heenwysing sou wees na die altaar wat ons moes bou, wat later gemeld sal word. Ons het 'n buitengewone windstil dag gehad en tydens hierdie proklamasies het die Here die mense daar weg gehou, en sonder dat ons dit besef het, het ons by die uitkyk punt, "Eve's Footprint" gaan staan. (Dit sal ook later 'n baie groot getuienis word).

Die Here het vir ons Matt 16:19 gegee om die slot oop te sluit. Ons moes die Here vra om Sy engele te stuur om die slot te vat en in die dieptes van die see te gaan werp, sodat dit nooit weer deur die bose gebruik sal word nie. Die 7 kettings is in stukke gekap, met 7 skrifte, naamlik: Ps 118, Obadja 1, Eseg 36:22-28, Ps 32:8, Ps 83, Hab 3 en Ps 126.

Ons moes ook die verbintenisse tussen die kasteel en die parlement stukkend kap en ook alle bloed wat gevloei het, direk of indirek, as gevolg van alle besluite wat in die parlement geneem is, oor die hele Suid-Afrika en geskiedenis, terug vat van satan en vir Jesus gee. Ons het ook die bloed van Jesus, (druiwesap), by die kant van Tafelberg afgegooi, wat oor die hele Suid-Afrika sal vloei, om met hierdie aksie te verklaar dat Suid-Afrika se sondes vergewe is en dat die bloed van Jesus Suid-Afrika, van nou af, sal beskerm.

Ons moes ook die gees van Goliath, wat deur die mond van 'n sekere politikus spreek, stil maak. Die Here het gesê: "hy dink hy is groot, maar eintlik is hy niks. Ek is moeg vir sy geraas". Ons moes stomheid oor die gees spreek, in Jesus se Naam.

Ter voorbereiding, het die Here aan Gert openbaar dat die sterk man wat Suid-Afrika bind, die gees van Sisera is. Dit is ook deur 2 ander getuies bevestig. Hy funksioneer uit die 5de vlak van die hierargie van satan. Ons moes hom uithaal uit sy plek en om hom te vernietig, moes Rigters 4 proklameer word.

Die Here het ook in ons mond gelê om vir die leiers van die volk, wat hul posisies misbruik het tot hul eie gewin, te sê dat hulle aan God self sal moet verantwoording doen vir wat hulle met die mag gedoen het wat aan hulle toevertrou is. Ons het ook gesien hoe dat die Here Sy vinger binne-in die politieke partye indruk en dat daar verdeeldheid tussen hulle kom. Vir een spesifieke leier het die Here gesê: "Maak jou reg om voor die lewende God te staan. Jy wat hierdie land soveel skade aangerig het, jy sal aan die lewende God moet verduidelik"

Die Here het ook aan Gert openbaar dat Hy 'n ware Godsman sal oprig as toekomstige leier vir Suid-Afrika, wie die volk gaan dien, en nie heers nie.

Tydens proklamasie van hierdie skrifte was die salwing op Gert so sterk dat hy amper inmekaar gesak het en dat hy ondersteun moes word. Die Here het ook aan ons opdrag gegee om 'n altaar van 12 Bybels bo-op die berg te gaan bou - 1 van elke landstaal in Suid-Afrika (11) plus 1 uit Namibië. Dit sou die eenheid van die volke in Suid-Afrika en die verbintenis met

Namibië simboliseer waaruit God in die toekoms verder sou werk.   Die altaar is by "Eve's Footprint" gebou.




Die volgende is die verstommendste getuienis rondom hierdie hele uitreiking:

In vorige projekte en profesieë is dit herhaaldelik openbaar dat die lig vir herstel vir Suidelike Afrika uit Rehoboth, Namibië, sou kom.

Terwyl ons die aangesig van die Here in die voorafgaande oorlogsvergadering gesoek het om aan ons bekend te maak en te openbaar wie die gees van Sisera moes uithaal, wie met die hamer en tentpen die slaap van Sisera moet deurboor en hom in die grond vaspen, het die Here aan ons openbaar dat n jong kleurling meisie vanuit Rehoboth, Namibië, een van die warriors, God se Ya-el moet wees.

WANT die oorsprong van ál Suid-Afrika se probleme het begin toe 'n jong bruin meisie in die kasteel verkrag is, sy swanger geword het en deur haar eie mense verwerp is.  Baie politieke leiers in Suid-Afrika is deur haar bloedlyn gebore.   Haar naam is in die Kasteel verander na "Eve".  Kenmerkend dat die proklamasies vanaf die Uitkykpunt "Eve's Footprint" gedoen is sonder dat dit so beplan was maar plaasgevind het onder leiding van die Heilige Gees.  Die spesifieke roetes wat deur die loop van die week deur die span gevolg is, sonder dat enige iemand bewus was van die kaart by die uitkykpunt, het in die spore van "Eve" geloop volgens die kaart.

Die vrug van hierdie daad was rassehaat, hoerery, verwerping, drankmisbruik en soveel ander dinge.  Satan het hierdie arme jong meisie destyds gebruik om die hele Suid-Afrika in gebondheid te bring, en God het Ya-el gebruik om die gees van Sisera te vernietig en die land vry te maak van gebondheid.  Hierdie gees het Suid-Afrika ongeveer 450 jaar gebind.  Voordat Ya-el Rigters 4 proklameer het, het die Gees aan Gert 'n ontsaglike groot visie gegee, van die waens van vuur en perde met koppe wat skud en rondtrap en maanhare wat waai en vuur wat by hul neuse uitgaan.  Hierdie gevegslinies het die hele lugruim - van die Ooste na die Weste, so ver soos wat die oog kon sien - gevul, in afwagting vir die proklamasie van Rigters 4 wat hulle sou aktiveer. (God se leërmag was reg vir oorlog!) Toe Ya-el Rigters 4 proklameer kon mens letterlik die hemele voel skud.  Hierdie gevegslinies is die hele Suid-Afrika ingestuur om die bose magte te verslaan.

Die Here het ook aan ons openbaar dat deurdat een van ons warriors bereid was om sy huweliksherdenking op te offer, Hy 'n nuwe verbond met Suid-Afrika sal sluit.  Die verbond is die volgende:  "Suid-Afrika, as jy My dien, met jou hele hart en My eer en My gehoorsaam, sal jy vir My 'n volk wees en Ek sal vir jou 'n God wees.  Ek het ál jou sondes vergewe en sal nooit weer daaraan dink nie.  Ek sal vir jou alles teruggee wat die voetganger, afknyper, kaalvreter en treksprinkaan van jou gesteel het.  Ek wil vir jou 'n God wees. Wees asseblief vir my 'n volk, wat My in gees en waarheid dien".

Die oorwinningslied wat God vir Suid-Afrika gegee het, is Rigters 5. Proklameer hierdie gedeelte gereeld, om God te herinner aan die oorwinning en Sy beloftes.

Met voltooïng van só  'n spesifieke opdrag gee die Here altyd 'n teken as bevestiging dat die opdrag uitgevoer is.  In hierdie geval was die teken reën vir Namibië.  Die warrior boer,  wie sy plaas in droogte agtergelaat het as offer vir die Here,  het 40mm reën op die nag van 08 Februarie ontvang, presies soos die Here dit vir ons gewys het.

'n Woord van Mount Zion Ministries, aan Suid-Afrika:

"Suid-Afrika, die Here het julle belydenisse gehoor, berou en geskeurde harte gesien. Die Here het elke knie wat gebuig het gesien, elke druppel bloed wat gevloei het waargeneem.  Die Here het ons uit Namibië gestuur om die altaar van Baäl te kom afbreek.  Vergeet asseblief die verlede soos God dit vergeet het.  Vat hande met mekaar - elke nasie, volk en taal - dien die Here en dien mekaar, want elkeen van julle het 'n plekkie om te vul tot die sukses van hierdie land wat deur die Almagtige bepaal is, vóor die grondlegging van die wereld.  Namibië bid vir Suid-Afrika.  Mag God julle lei en seën na die rykdom van Sy genade.



Gert, Eleonor en die hele span.

Mount Zion Ministries

Website: www.mountzionminstries.co.za

+264 81 232 5358